

26 Junie

**Skrifgedeelte: Markus 8:10-26 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Markus 8:22-26**

### **Genesing van 'n blinde man**

Daar is duidelike ooreenkomste tussen hierdie wonder en die doofstom man se genesing (Mark. 7:31-37). Albei teken Christus as enigste Verlosser van sondes en die gevolg daarvan. Een faset van hierdie genesing is anders, naamlik dat dit in twee fases gebeur het. As Jesus met spoeg die oë aanraak, kon die man net mense se vorms sien, wat soos bewegende bome lyk. Toe Hy die man se oë aanraak, is die genesing voltooi. Die Grieks maak hier duidelik dat die man kon sien en aanhou sien.

Uit die konteks blyk dat Jesus sy dissipels hier iets van geestelike blindheid leer (Mark. 8:18a, 21). Die blinde was van Betsaida, van wie Jesus in Lukas 10:13 uitroep: *“Wee jou Gorasin, wee jou Betsaida! Want as in Tirus en Sidom die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle lankal in sak en as gesit en hulle bekeer het.”* Betsaida se inwoners het in die baie wonders wat Jesus daar gedoen het, as't ware in groot letters die openbaring van Hom as Messias gekry. Hulle was egter geestelik stokblind en kon dit nie raaksien. Daar was ook die *Fariseërs*, wat net nadat Jesus vierduisend gevoed het deur die brood te vermeerder, van Hom 'n teken uit die hemel gevra het (Mark. 8:11). Ook hulle was geestelik stokblind en kon nie in die wonder van die brood die groot letters van die Messias se openbaring sien nie. Laastens was die *dissipels* wat ook kort na die broodvermeerdering by aardse brood vashaak. As Jesus met hulle oor geestelike dinge praat (Mark. 8:14-16), dink hulle Hy verwyf hulle oor die brood wat hulle vergeet het. Hulle was soos die blinde man in die eerste fase van genesing, wie se sig nog nie heeltemal helder was nie, wat die buitelyne van mense sien, maar dit lyk soos bome. Hulle het die groot letters van sy openbaring as Messias gesien, maar kon nog nie die klein letters daarvan raaksien nie. Hulle het nog nie verstaan nie (Mark. 8:21).

Christus gee in die genesing van die blinde hoop. Wat Hy doen, doen Hy volmaak en volkome, daar is deeglikheid in elke werk van Hom en Hy is met niks minder as die volmaakte tevrede nie. Wat Hy begin, maak Hy klaar, en Hy sou deur die Gees al sy kinders se oë volkome open om Hom as Verlosser te sien, in dit wat ná Pinkster gebeur het. As Christus ons geestelik blinde oë deur die Gees open, sien ons Hom aanhoudend en duidelik as enigste Verlosser en Saligmaker, en dien ons Hom deur sy genade getrou.

Sing: Psalm 146:6 (Totius)

Ds. CJJ Putter (Potgietersrus)